Gastehuis vra munisipaliteit om geld te stop

OUDTSHOORN COURANT 21.08.2015.

Op 22 Julie het ons 'n e-pos ontvang van die Groter Oudtshoorn Toerismekantoor en is ons as lede onder andere versoek om agenda items aan hulle te stuur teen nie later as 31 Julie vir die opkomende algemene jaarvergadering. Dit het onder ons aandag gekom dat van die lede van Groter Oudtshoorn Toerisme, wat akkommodasie fasiliteite bedryf, nie in besit is van munisipale goedkeuring nie en gevolglik het ons per e-pos versoek dat die volgende item op die agenda geplaas word: Bewys van munisipale goedkeuring vir akkommodasie fasiliteite 'n vereiste vir Groter Oudtshoorn Toerisme lidmaatskap.

Die motivering is kortliks as volg: Groter Oudtshoorn Toerisme kan nie net aanvaar dat bestaande lede en nuwe aansoekers van akkommodasie fasiliteite bv. gastehuise, B&B's, Back Packers, hotelle, gasteplase ens. munisipale goedkeuring het om wel dié fasiliteite te bedryf nie. Daar kan ook nie bloot net aanvaar word dat bestaande lede en nuwe aansoekers wat aan een of ander graderings-instansie behoort munisipale goedkeuring het nie, aangesien geen van die graderings-instansies sover ons kon vasstel, dié bewys vereis vir lidmaatskap nie. Groter Oudtshoorn Toerisme weet dus nie wie van hul lede sonder munisipale toestemming hul fasiliteit bedryf nie. Daar is van verskeie oorde pogings om Oudtshoorn te herstel en dit is nou 'n gulde geleentheid om die leiding te neem en slegs lede te hê wat binne die wet optree.

Voorstel: (a) Dat Groter Oudtshoorn Toerisme vervolgens slegs nuwe lede aanvaar wat 'n bewys van munisipale goedkeuring lewer en (b) dat bestaande lede dertig (30) kalenderdae gegun word om bewys van munisipale goedkeuring te lewer. Indien bestaande lede nie aan laasgenoemde versoek voldoen nie, word hulle lidmaatskap onmiddellik opgeskort."

Ons het gevolglik die algemene jaarvergadering op 11 Augustus bygewoon en was verbaas dat ons agenda item nie op die agenda verskyn nie.

Die voorsitter (a) het nie tydens dié vergadering die ander lede in kennis gestel dat hul ons agenda item binne die voorgeskrewe tyd ontvang het en redes verstrek waarom dit nié op die agenda geplaas is nie en (b) het dit mondelings aan my duidelik gemaak dat hy nie sal toelaat dat ons item bespreek word nie.

Die weglating van ons agenda item is rede tot kommer en gevolglik het ons die Oudtshoorn Munisipaliteit versoek om alle finansiële bystand te staak totdat die Groter Oudtshoorn Toerisme kan bewys lewer dat al hul lede, wat akkommodasie fasiliteite bedryf, in besit is van munisipale goedkeuring.

Reynhardt & Hermien Brittnell, Karoo Sun Guesthouse

In reaksie op die brief van die Britnells het Niel Els, voorsitter van Oudtshoorn Toerisme as volg reageer:

Dit is hartseer dat mnr. Brittnell goedgedink het om hierdie roete te volg. Veral gesien in die lig dat hierdie aangeleentheid in diepte tydens 'n baie lang gesprek tussen hom, Dr Johan Strasheim, voorsitter van die Besigheidskamer en myself as voorsitter van Oudtshoorn en De Rust Toerisme bespreek is. Volgens alle aanduidings was hierdie saak opgelos en het mnr. Brittnell die verduideliking verstaan en aanvaar. Kortliks, Oudtshoorn Toerisme se akkommodasielede val in 2 kategorieë nl. stergegradeerde en nie-stergegradeerde verblyf. Eersgenoemde word deur die Suid-Afrikaanse Stergraderingsraad gedoen wat sorg dat alle wetlike vereistes nagekom word. Die res word deur die buro ge-akkrediteer deur middel van 'n assessor wat seker maak dat die besigheid aan minimum diensstandaarde voldoen – insluitend wetlike vereistes. Mnr. Britnell is moontlik nie van hierdie proses bewus nie aangesien Karoo Sun nie aan die stergraderingstelsel of die buro se akkreditasie proses deelneem nie.

Ons het mnr. Brittnell verskeie kere versoek dat indien hy bewus is van enige lid wat nie aan munisipale regulasies voldoen nie, dit aan die buro deur te gee. Die buro kan slegs dan die munisipaliteit daarvan inlig. Die Oudtshoorn en De Rust Toerismeburo se mandaat is om Oudtshoorn as 'n bestemming te bemark. Polisiëring van besighede is die werk van die munisipaliteit. Die uitgaande komitee het tydens die laaste vergadering voor die AJV hierdie aangeleentheid bespreek en besluit dat die AJV nie die ideale plek is om dit te bespreek nie. Dit is jammer mnr. Brittnell kon ons nie van name voorsien van akkommodasie wat nie geregistreer is nie – ons sou verkies om saam met hom die aangeleentheid op 'n bevredigende manier aan te spreek. Die buro se komitee het ten alle tye die beste belange van Oudtshoorn as 'n top toerismebestemming op die hart. Ons streef ten alle tye om volhoubare, etiese toerisme te bevorder.